

# ‘n Dier **PRAAT NIE -** sy *Foto doen*

## Die rol van goeie fotografie in die bemarking van stoetbeeste

>> THYS BRITS, Avara Agri, Matthysfrd@gmail.com

Ek het grootgeword in ’n stoetfamilie. Van kleins af was seleksie, inspeksies en beeste deel van ons wêreld. My oupa, Thys Brits, het in die 1970’s die Santa Gertrudis stoet Henvia begin. Oor die jare het Henvia ’n bekende naam in die Santa Gertrudis gemeenskap geword en ’n nalatenskap geskep waarop ons familie baie trots is.

Santa Gertrudis was in daardie jare nog ’n relatiewe nuwe ras in Suid-Afrika, en telers soos my oupa het gehelp om die fondasie te bou waarop die ras vandag staan.

Ek het nie self van jongs af ’n stoet gehad nie. My pad het eers deur landboufotografie geloop. Die begrip van wat in ’n kwaliteit dier ingaan, was egter nog altyd deel van my agtergrond.

Verlede jaar het ek en my vrou die Henvia stoet weer geregistreer. Vir ons is dit ’n nederige herbegin en ook ’n droom wat weer lewe gekry het. Dit is ’n voorreg om weer aan daardie naam te bou.

Vir meer as tien jaar werk ek deur Avara Agri in landboufotografie. Een ding staan elke keer vir my uit wanneer ek op ’n plaas instap. Telers sit ongelooflike werk in hul diere.



***Goeie voorbeeld***
*’n Stoetkoei wat natuurlik en gebalanseerd staan. Gelyke grond, ’n rustige agtergrond en ’n ontspanne houding help om die dier se ware kwaliteit te wys.*

Wanneer daardie dier bemark word, is dit die foto wat daardie werk moet oordra.

In vandag se mark sien 'n koper 'n dier lank voor hy hom fisies sien. Dit gebeur op 'n katalogus, sosiale media of 'n veilingblad. Daardie eerste beeld skep die eerste indruk.

## GOEIE BEMARKING AS VERLENGSTUK VAN GOEIE TEELWERK

Bemarking gaan nie daaroor om 'n dier mooier te maak as wat hy is nie. Dit gaan daaroor om reg te wys wat reeds daar is.

Wanneer 'n dier professioneel vertoon word, kom sy balans beter na vore. Sy struktuur is duideliker sigbaar. Sy massa lyk natuurlik en funksioneel. Dit skep ook vertroue by 'n koper.

Top genetika verdien aanbieding van dieselfde gehalte.

Soos ons sorg dra in seleksie en bestuur, kan ons ook sorg dra in hoe ons daardie dier aan die mark wys.

## HOE 'N STOETDIER OP SY BESTE VERTOON

'n Dier wat vierkant en gebalanseerd staan, wys homself.

Wanneer die bene korrek geplaas is, die kop natuurlik gedra word en die dier ontspanne staan, kom sy ware kwaliteit na vore. Die omgewing speel ook 'n rol. Gelyke grond, 'n rustige agtergrond en goeie lig help om die dier duidelik te wys.

Die doel van 'n goeie foto is eenvoudig. Om die dier eerlik en duidelik te wys sonder afleiding.

## KLEIN AANPASSINGS MAAK 'N GROOT VERSKIL

Ons het almal al foto's geneem waar 'n goeie dier nie heeltemal tot sy reg kom nie. Ongelyke grond kan hom skeef laat lyk. 'n Been wat net effens uit posisie is kan sy balans versteur. 'n Besige agtergrond trek aandag weg van die dier.



***Waar klein aanpassings 'n groot verskil kan maak***
Die bul staan redelik goed en wys goeie balans. 'n Rustiger agtergrond en 'n kop wat effens na die kamera draai kan die foto nog sterker maak.

Dit beteken nie die dier is swak nie. Dit beteken net die oomblik kon beter vasgevang word.

Soms maak daardie klein detail 'n groot verskil in hoe 'n koper die dier ervaar.

## SAAM BOU AAN DIE BEELD VAN DIE RAS

Santa Gertrudis het baie om op trots te wees. Massa. Aanpasbaarheid. Funksionaliteit.

Wanneer ons daardie eienskappe konsekwent professioneel vertoon, versterk dit die beeld van die ras as geheel. Dit gaan nie oor een stoet nie. Dit gaan oor die indruk wat ons saam skep.

Soms wys 'n foto van 'n dier in haar natuurlike veldomgewing ook iets van haar funksionaliteit en aanpasbaarheid. Dit herinner ons dat hierdie diere nie net vir katalogusse geteel word nie, maar vir werklike produksie en prestasie in die veld.

Ons sit jare se werk in 'n dier. Wanneer hy bemark word, moet daardie werk sigbaar wees.

'n Dier praat nie. Sy foto doen.